Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 20 Mei 2018 Jr. 7 Nr. 18
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

…en ’n hart vir mense

Matt 5:43-48 en 1 Joh 4:7-12

Ons fokus vandag op die tweede deel van ons gemeente se slagspreuk, “’n Passie vir God en ’n hart vir mense.”

Die tweede deel word eintlik veroorsaak deur die eerste; ’n passie vir God lei daartoe dat ons met God se oë na ander mense begin kyk. Liefde kom van God, sê Johannes. Ons fabriseer dit nie in onsself nie. Hierdie liefde geld vir mense naby my – my familie en vriende en medegelowiges – maar óók vir vreemdelinge en selfs vyande. Wanneer Jesus ons aanmoedig om ons vyande lief te hê, sê Hy dat ons in die proses kinders van God word, al meer soos God optree en lyk. God se liefde kom dan by mense uit deur ons hande en in ons oë.

God se liefde vir ander is dan nie meer bloot iets waaroor ons praat nie, maar iets tasbaar en konkreet.

Sondag 20 Mei

Belydenisaflegging
Hart vir mense
Hebr 10:24-25, Jes 49, Ef 2:4 en 1 Petrus 1:22

08:00	Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30	Klassiek	Breda Ludik
10:00	Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00	Informeel	Paul Barnard
10:00	Jeugaktiwiteite	
09:00	Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00	HB Village	Breda Ludik
10:30	Internas Studente	Die Khaya
18:00	Tienerkerk en dissipelskapgroepe	Paul Barnard
19:00	Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: MIV/VIGS
Aneleh Fourie-Le Roux
training@cabsa.co.za
021-851 4189
083 292 5358

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - y42mS66

Sondag 27 Mei

Romeine 8:12-17

08:00	Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30	Klassiek	Breda Ludik
10:00	Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00	Informeel	Lizette Louw
10:00	Jeugaktiwiteite	
09:00	Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00	HB Village	Breda Ludik
10:30	Internas Studente	Die Khaya
18:00	Tienerkerk en dissipelskapgroepe	Paul Barnard
19:00	Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Annelize Kritzinger se pa,
Hannes Jansen van Vuuren - kanker
Johannes Esterhuizen - beenmurg oorplanting op 29 Mei

Rou
Sonja Bester se pa is oorlede
Willie Goosen se broer is oorlede

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Elke **2de Woensdag** (30 Mei) in die Kapel om 8:15, bid ons saam vir ons land, kerk, gesinne en gemeenskap.

Bid ook asseblief vir die mense op ons **voorbiddinglys**.

Wat gebeur die week:

Dinsdag 22 Mei
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Donderdag 24 Mei
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory

Vrydag 25 Mei
18:30 Koffie-waarderingsaand



Belydenis van geloof op 20 Mei

Informele diens:
Anika Loots
Drian du Toit
Elsabé Viljoen
Hilde Elema
Jancke Viljoen
Petri Hancke
Santie Olivier
Zandri Basson
Ben Barnard
Jörgen Barnard

Tienerkerk:
Kaylee Webb

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Wimpie en Lize Laubscher met hul dogtertjie Sofia - Paarlberg
Leandra Minnie met haar kinders Juan-Pierre en Abigail – Bothasrus
Ida Torres – Somerset-Wes
Tersius en Marené Steyl met hul kinders Luan en Suné – Strand-Noord

Werkswinkel in gebed van stilte

'n Inleidende werkswinkel in die gebed van stilte (centering prayer) word aangebied deur Contemplative Outreach SA Western Cape

Die gebed van stilte (centering prayer) is 'n praktyk van rus in en wag op God, van instemming tot die teenwoordigheid en werk van Christus in die stilte van jou wese, van verdieping van jou persoonlike verhouding met God.

Datum: Saterdag 2 Junie 2018
Registrasie: By die kerkkantoor (021-851 5582) en ook by die Kapel vanaf 08:45 op 2 Junie
Werkswinkel: 09:00 -13:00 in die Kapel
Navrae: Kontak gerus Breda Ludik by 083 375 8440

Geen koste verbonde, maar 'n vrywillige donasie sal waardeer word.

Die **Versorgingsfonds** wil net vir al die Helderberg lidmate wat die Versorgingsfonds so pragtig ondersteun het met die verkope van vetkoeke tydens Pinkster bedank. Ons het groot waardering daarvoor. Julle is 'n klomp staatmakers.

Koffiekuier

Op **Vrydagaand, 25 Mei** om 18:30 hou ons 'n koffie-waarderingsaand waar jy meer oor die koffieproses kan leer en daarmee saam word 'n "coffee pairing" gedoen. Kaartjies teen R150 pp moet vooraf by Ontvangs gekoop word of kontak my gerus.

Ons soek nog mense wat deel wil raak van ons Sondag-Barista spanne. Gee gerus jou naam op as jy die volgende Barista opleidingsessie wil bywoon. 'n Datum moet nog vasgemaak word.

Navrae en voorstelle:
Corneille Barnard by aanbidding@ghelder.co.za

Borg 'n sessie

Die beradingsentrum het jou hulp nodig. Aanmeldings groei van mense in emosionele nood. Vrywillige bydraes word gebruik om die bydryfskostes van die Beradingsentrum te help finansier.

HELDERBERG BERADINGSENTRUM
HULP · HOOP · HELING

Vir R50 kan jy 'n sessie van iemand in nood borg.
Of R100 borg twee sessies of R150 borg drie sessies
of R200 borg vier sessies of R250 borg vyf sessies

Betaal asseblief in kerk se bankrekening (besonderhede op agterste bladsy) met verwysing: Beradingsentrum-borg

Kontak Meagin van der Westhuizen vir enige navrae by 021-851 5582 of berading@nghelder.co.za

Heerlike koffie kan by die Koffiekroeg in die Tent gekoop word. Gratis filterkoffie word by die teestasie bedien.

Holiday Club leiers

Die "Holiday Club" word die eerste week van die Junie vakansie aangebied, **24 Junie tot 29 Junie** 2018. Tieners vanaf graad 7 word genooi om deel te wees van hierdie geleentheid. Opleiding en oriëntering vind plaas op 25 Mei om 18:30 waar alle inligting van wat, waar en hoe deurgegee sal word.

Sluitingsdatum vir inskrywings: 8 June 2018
Inskrywingsfooi vir die week met etes ingesluit is R200, EFT aan:
Methodist Church of Southern Africa
First National Bank, Somerset West
Rek nr: 5368 1047 214
Takkode: 200512
Verwysing: HC + naam

Navrae: Lizl Botha 084 8002 764

Donasies sal waardeer word vir ...

Kinders kry elke dag 'n bederfie en daarvoor benodig ons die volgende: Ontbytpappe, langlewe melk, *hot chocolate*, suiker, sapkonsentraat en koekies. Donasies kan by die kerkkantoor afgegee word. Merk asb. duidelik "Holiday Club".

Navrae: Lizl Botha 021-851 5582

Kinderevangelisasie:

Verlede jaar het Lea Luiten as deel van die Kinderevangelisasie-projek agter gekom dat daar kinders in Beverly Hills (Strand) is wat glad nie skool toe gaan nie.

Lea en Martina het begin om die kinders te help met basiese lees-vaardighede twee oggende per week. Die groter taak was egter om vir heelwat van die kinders (party is al 9 jaar oud) vir die eerste keer geboortesertifikate te kry en ouers te help om hulle te registreer by skole. Met baie gebede, harde werk en uithou, kan ons hierdie jaar met groot dank sê dat elkeen van hierdie 8 kinders skoolplasing gekry het!

Terwyl ons so dankbaar was om die kinders weer terug op skool te kry, het ons egter weer ‘n ander probleem ondervind. A.g.v. die oorvol skole is die kinders geplaas in Somerset-Wes i.p.v. die Strand, wat finansiële implikasies tot gevolg het. Taxi-geld beloop R370 per maand en is vir ouers onmoontlik om te betaal. Indien kinders die skool vir ‘n week of langer nie bywoon nie, verloor hul weer hul plek in die skool.

Ons wil graag baie dankie sê aan die omgeegroepe met wie die probleem gedeel is se wonderlike meelewing en donasies ontvang. Danksy julle kon die kinders tot nou die skool steeds bywoon .

Indien enige persoon graag deel wil wees van hierdie projek sal ons dit baie waardeer. Skoolklere is nog ‘n behoefte waaraan ons graag wil voldoen. Bid asb. vir hierdie kinders en hul omstandighede. Die kinders moet deurgaans gemotiveer word om te volhard en nie terug te val in ou patrone nie.

Donasies kan gemaak word aan Helderberg Uitreik (sien bankbesonderhede op agterste bladsy), verwysing: Kinderevangelisasie-Bus

Sus van Niekerk
021-020 1275 of 076 756 4581

Salt
&
Light
Join Stephan Cloete & Heléne Burger
for a magical evening of live music
which promises to lighten the heart
and bring the gift of hope
1 June
Middelvlei
Wine Estate
19:00
R150 pp Includes MCC &
Popcorn pairing | *cash bar
Bookings:
saltandlightza@gmail.com
Online bookings: Quicket
MIDDELVLEI
HOPE
for Mia Cara
Musikhaus
W.HEUER
Sponsors | This event would not be possible without your open hearts.

Klassieke Kitaar Klanke
Sondag, 20 Mei
@15:00
Helderberg NG
Gemeente
Firmountweg 82, Somerset Wes
Toegang gratis | Donasies welkom
Volg ons op Facebook: Klassieke Klanke of
besoek helderbergconcerts.business.site

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*